# Nuwe Afrikaanse romans en kortprosa (2009-2010)

## Deel I


STANLEY JONCK
**Boekkeurder**

Die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het die afgelope jaar of wat (2009-2010) in samewerking met openbare bibliotekarisse 'n omvattende en gebalanseerde voorraad Afrikaanse romans en kortverhaalbundels aangekoop. Hieronder volg 'n beskrywende boeklys wat biblioteekpersoneel kan gebruik wanneer leners navraag doen oor Afrikaanse fiksie in 'n spesifieke genre.

### Avontuur - Karoo


*Karoo Avonture*-reeks
Die *Karoo Avonture*-reeks bestaan uit dunnerige boekies (ongeveer 103 bladsye elk) wat lekker lees en herinner aan die Engelse 'westerns', of 'cowboy'-boeke, maar met 'n bietjie tong-in-die-kies humor ingesluit. Die verhale speel af in 1875 in die Groot Karoo.

In die eerste verhaal word Lang Henning, avonturier van die vlaktes, teen sy sin betrek by 'n grusame plaasmoord. Sonder veel hulp van Beaufort se magistraat, met slegs 'n wraaksugtige jong seun en dié se brandsiek hond as metgesel, gaan dit maar broekskeur om die skuldiges vas te trek. Die titels in die reeks wat reeds gepubliseer is, sluit in:




Sadler, Mary. **Lang Henning en die moordplaas**.- Groenheide Bke., 2005. (bk. 1)
Sadler, Mary. **Lang Henning en die rebelle**.- Groenheide Bke., 2008. (bk. 2)
Sadler, Mary. **Lang Henning en die poskoetsrowers**.- Groenheide Bke., 2009. (bk. 3)
Sadler, Mary. **Lang Henning en die oujongnooi**.- Groenheide Bke., 2009. (bk. 4)


### Biografies




Schoeman, Karel. **Titaan: 'n roman oor die lewe van Michelangelo Buonarroti**.- Human, 2009.
In aansluiting by sy vroeë romans oor Shakespeare, Rembrandt en Beethoven behandel Schoeman nou 'n vierde groot figuur in die Europese kultuurgeskiedenis, naamlik die skilder, beeldhouer en argitek Michelangelo Buonarroti, skepper, onder andere, van die beelde van Dawid en Moses, die Piëta, die muur- en plafonskilderinge in die Sixtynse Kapel en die koepel van die Sint Pieterskerk in Rome.

### Bonatuurlike en okkulte


Du Preez, Hans. **Lesilo staan op**.- Corals Pub., 2008.
**Lesilo staan op** is oorspronklik geskep as 'n TV-dramareeks in Sotho - *Lesilo rula baswing* - en het van die hoogste kykertalle oor die afgelope 30 jaar gelok. Dit is met die toestemming van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) in Afrikaans gepubliseer. Die dramareeks het onwrikbare erkenning van 'n geloof in die bestaan van die magiese onder Afrikane weerspieël. Dit benadruk die vrees vir die tokkelossie en sy aktiwiteite.



# BOOK WORLD

Boekwêreld • Ilizwe Leencwadi

## Finansieël





Van der Merwe, Carel. **Geldwolf**.- Umuzi, 2009.
Die hoofkarakter, Stephan Winter, het 'n obsessie om 'n biljoen rand te maak. Geld is vir hierdie supersakeman 'n ontsnapping van die onvolmaakte res van sy lewe - die mislukte huwelike, die vervreemding van sy kinders, sy goed weggesteekte verlede - dan sal hierdie abstrakte getal, so glo hy, hom bring tot by die portaal van 'n ongedefinieërde toestand van geluksaligheid. Sy groot deurbraak kom wanneer daar 'n staatstender uitgesit word vir digitale identiteits-kaarte. Maar in Suid-Afrika kan jy nooit so 'n kontrak kry sonder 'n swart bemagtigingsvennootskap nie. En dis deur sy maneuvreerdery in hierdie verband dat die krake in sy sakeryk blootgelê word, asook in sy lewe. Hy maak vyande van die verkeerde mense, en vir hom kan daar net een uiteinde wees. (*www.umuzi-randomhouse.co.za*)rms gebruik word om gewone mense van hul geld te ontneem.

Swart, Hein. **Moeraspadda**.- Litteratus-Uitg., 2009.
Die sentrale karakter is 'n sakeman wat nie skroom om ander mense vir eie gewin te vertrap en te verkul nie. Ook sy eie gesin word nie gespaar nie. Hy het egter nie rekening gehou met 'n vasbeslote skoonseun wat besluit het genoeg is genoeg en dat hierdie vent in sy spore gestuit moet word nie. Die gevolg is 'n uitgerekte, titaniese direksiekamerstryd tussen twee mans wat ewe vasberade is om beheer oor die maatskappy te bekom. Die verhaal gee aan die Afrikaanse romanleser 'n seldsame blik op hoe die binnekringe van die Suid-Afrikaanse sake- en finansiële wêreld soms funksioneer, asook die bedrieglike metodes wat dikwels agter die skerms gebruik word om gewone mense van hul geld te ontneem.

## Godsdiens

Clark, Dorothy. **Wanhopige liefde**.- Lux Verbi.BM, 2008.
Justin Randolph, 'n skatryk wewenaar met klein kindertjies, is oortuig dat ware liefde net in feëverhale voorkom. Daarom lyk sy gerieflikheidshuwelik met 'n meisie wat hy nie eers ken nie, en ook nie wil ken nie, na die ideale oplossing. Die enigste rede waarom hy hierdie huwelik aangaan, is om 'n ma vir sy twee weerlose kinders te kry. Elizabeth Frazier, Justin se voorgenome bruid, gryp die geleentheid aan in 'n poging om weg te kom van Reginald Burton-Smith wat haar so misbruik. Op 'n vreemde manier trek Justin se afsydigheid haar aan en die lot van die twee kleintjies sonder 'n ma maak haar hart week. Net soos Justin het sy in die huwelik bloot veiligheid gesoek en nie liefde nie. Maar dit is nie hoe dit noodwendig uitwerk nie.




Coetzer, Susan. **Custard vir die siel: die verhaal van Isabella**.- Carpe Diem, 2009.
Op die vooraand van haar 25ste huweliksherdenking behoort Isabella se lewe goed te wees. Sy is getroud met Herman, 'n bekende sielkundige, en het twee tienerseuns en 'n mooi huis. Maar eintlik is haar lewe besig om uitmekaar te val. Dit maak dat sy haar toevlug neem tot soetgoed en Ingrid Jonker se somber poësie. En sy het die verskriklikste vermoede ... Dan verras Herman haar met 'n reis na haar geboorteland. Dit is 'n reis wat haar eers naak stroop en dan haar pyn in 'purpose' omskep. Nou moet sy leer om haar vryheid te aanvaar.

Coetzer, Susan. **Oros vir die siel**.- Carpe Diem, 2009.
'Op twee-en-veertig het Kyle van Aswegen oënskynlik alles: 'n ryk man, twee normale tieners en *moody copper highlights* in haar hare. Maar die man praat feitlik niks, die kinders toon aweregse neigings, en die *highlights* voel net *moody*. Vir meer as dertig jaar probeer Kyle om die gat in haar binneste vol te maak; die gat wat oopgeruk is toe sy haar ma met onsiende oë langs die geel linoleumtafel aangetref het. Só lank probeer sy die Oros vir die siel vind wat haar ma voortdurend ontwyk het - in drank, dwelms, seks, geld. Tot sy op die dag van haar man se vyftigste verjaarsdag besef dat daar te veel *pointers* is om die uitnodiging langer te ignoreer: Sy sal die kerkding probeer. En die Here praat met haar, reguit en duidelik. By Hom kan sy haar swaar tas afgooi en die inhoud uitskud.' (*www.bmedia.co.za*)

De Kock, Helene. **Die hemelburgers**.- CUM, 2009.
Brandt Burger besluit een Sondag om summier uit die kerk te stap omdat hy nie meer daar wil wees nie. Hy glo nie meer in God nie en wil sy eie ding doen. 'n Ruk daarna gaan kamp hy saam met sy kleinneefs, waar iets verskrikliks gebeur en sy lewe onherroeplik verander. Die roman vertel die hartroerende verhaal van iemand wat sy rug op God gedraai het en in die tronk beland het, maar uiteindelik tog nie aan die genade en liefde van Christus kon ontsnap nie. Dit is 'n verhaal vol deernis wat fokus op God se goedheid en trou.

Edwards, Gene. **Die gevangene in die derde sel**.- Hemel & See, 2008.
Dit is die dramatiese verhaal van Johannes die Doper wat in die gevangenis worstel om 'n Here wat nie aan sy verwagtinge voldoen het nie, te verstaan. Hierdie is die Afrikaanse vertaling van **The prisoner in the third cell**.

Gladstone, William. **Die twaalf: 'n roman**.- Naledi, 2009.
Gladstone se debuut-spanningsroman het as tema die mistieke datum van 21 Desember 2012, wanneer die wêreld soos ons dit nou ken tot 'n einde gaan kom, soos voorspel word deur die Maya legende. Die hoofkarakter, Max Doff, sterf op vyftienjarige ouderdom vir 'n kort rukkie, waartydens hy 'n visioen kry van twaalf mense. Dit is die begin van sy dekade lange soektog om hierdie mense op te spoor, asook die noodsaaklikheid van sy kontak met hulle.




Hugo, Helena. **Dit gebeur met ander: 'n verhaal van liefde, vergifnis en oorwinning**.- Struik Christelike Boeke, 2009.
Nadia en Grant is in hul matriekjaar. Op pad terug van die fliek beland hulle in 'n taxi-oorlog - iets wat hulle nooit kon droom met hulle sou gebeur nie. Nadia word deur 'n dwaalkoeël getref en deur die botsing wat volg in die motor vasgepen. Haar lewe hang aan 'n draadjie en sy beland in die waakeenheid van die

hospitaal. Die moontlikheid dat sy nie weer sal opstaan nie, hang soos 'n swaard oor die mense wat haar ken en liefhet. Grant kom met geringe beserings daarvan af, maar sy lewe en drome lê ook aan skerwe. Daarby vaar Nadia se ouers se huweliksbootjie deur erge stormwaters - haar pa het 'n minnares. Hierdie ramp wat hul gesin getref het, kan Nadia se ouers nader aan mekaar bring, of hulle tot skei bring.

Jonker-Jordaan, Christa. **Naglig: een vrou, twee mans en 'n reis na vergifnis**.- Carpe Diem, 2009.
'n Roman wat sentreer om ontrouheid in die huwelik. Moon reis alleen na Engeland om te dink oor haar verhouding met haar minnaar en haar ontrouheid aan haar man. Sy soek vergifnis by God vir haar dade en heelwording, aangesien sy steeds hunker na haar minnaar.


*Agter die skerms*-reeks
In die Kingsbury-reeks, *Agter die skerms* (in Engels *Above the line*), maak lesers kennis met rolprentmakers Chase Ryan en Keith Ellison. Hulle het die sendingveld van Indonesië verruil vir die sendingveld van Hollywood. Die twee titels in die reeks wat ons al aangekoop het, is:
Kingsbury, Karen. **Take one**.- Lux Verbi.BM, 2009. (bk. 1)
Kingsbury, Karen. **Take two**.- Lux Verbi.BM, 2009. (bk. 2)

*Dagbreek*-reeks
Kingsbury volg haar *Eersgeborene* en *Vernuwing*-reekse op met die *Dagbreek*-reeks (*Sunrise* series). Dit handel oor die sages van die Baxter-familie. Die titels in die reeks wat ons al aangekoop het is:
Kingsbury, Karen. **'n Nuwe dagbreek**.- CUM, 2008. (bk. 1)
Kingsbury, Karen. **Somer**.- CUM, 2009. (bk. 2)
Kingsbury, Karen. **Eendag**.- CUM, 2009. (bk. 3)
Kingsbury, Karen. **Sononder**.- CUM, 2010. (bk. 4)


*Vernuwing*-reeks.
Smalley en Kingsbury verken in hierdie vyf-boek-reeks die moeilike en sensitiewe vraagstukke waarmee hedendaagse Christene te doen kry, met spesifieke fokus op die Baxter-familie. Die titels in die reeks wat ons al aangekoop het, is:
Kingsbury, Karen en Smalley, Gary. **Om vry te wees**.- CUM, 2008. (bk. 1)
Kingsbury, Karen en Smalley, Gary. **Om te onthou**.- CUM, 2009. (bk. 2)

Kingsbury, Karen. **Wanneer vreugde kom**.- CUM, 2009.
Dié Afrikaanse vertaling van Kingsbury se **When joy came to stay** hanteer die tema van depressie vanuit 'n Christelike oogpunt.

Leroux-Van der Boon, Marzanne. **Tiferet Yisra'el = die roem van Israel**.- Lux Verbi.BM, 2010.
Hierdie is die vierde boek in Leroux-Van der Boon se gewilde *Israel*-reeks, wat die lotgevalle van hedendaagse Israel en sy mense voor die lesers laat lewe. Die bekende hoofkarakters uit die vorige boeke word weer in hulle geliefde land blootgestel aan die geweld van stedelike terreur en die vyandigheid van die omringende nie-Joodse lande. Marc word weer opgeroep, hierdie keer vir militêre diens in Gasa; sy ma word 'n slagoffer van Suid-Afrika se eie geweld - die misdaadprobleem; en Marc ontmoet weer sy jeugliefde, Nicola. Henok Kabungu maak 'n verrassende ontdekking wat hom in konflik bring met sy blanke vrou, en Zvi, 'n Holocaust-oorlewende, se skokkende herinneringe aan die Shoah laat die leser algaande besef waarom die Israeli's so verbete vasklou aan hulle 'beloofde land'.




Lewis, Beverly. **Die kruispad**.- CUM, 2010.
Boek twee in *Die kruispad*-reeks en die Afrikaanse vertaling van *The crossroad* - 'n Pennsilvanië Amish (VSA, religieuse sekte)-reeks deur hierdie gewilde skrywer. Die reeks handel oor Rachel Yoder, 'n toegewyde ma en gelukkig getroude vrou wat op 'n aaklige dag haar man in 'n motorongeluk verloor. Om finansieël te oorleef werk sy by 'n bed-en-ontbyt onderneming gemik op die toeristemark. Hier ontmoet sy die wêreldwyse joernalis, Philip Bradley, op wie sy verlief raak. Sy sien egter nie kans om haar geloof prys te gee nie en Philip moet besluit hoe sterk sy liefde vir Rachel werklik is.
Die eerste boek in die reeks is: Lewis, Beverly, **Die poskaart**.- CUM, 2009.




*Dogters van Abram*-reeks
Lewis, Beverly. **Die openbaring**.- CUM, 2008. Die vyfde en laaste boek in dié reeks is 'n spanningsvolle verhaal van lang verwagte vergifnis, onsterflike liefde en ontwykende tweede kanse in Pennsilvanië se Amish-gemeenskap. Dit is die Afrikaanse vertaling van **The revelation.**
Jonas Mast se eindelike terugkeer van Apple Creek, Ohio, gee Leah weer rede om te hoop. Maar Peter Mast en biskop Bontrager se stilswye laat haar vrees dat hulle weer saamspan om haar en Jonas van mekaar weg te hou. Intussen verlang die impulsiewe Jake Mast na sy eerste liefde, maar as hy sy broer Jonas terugvolg na Gobbler's Knob sal Leah en Sadie verplig word om 'n groot geheim bekend te maak, 'n geheim wat die Mast- en Ebersolfamilies nog verder van mekaar sal dryf, moontlik selfs vir ewig.
Die ander titels in die reeks is:
Lewis, Beverly. **Die verbond**.- CUM, 2005. (*Dogters van Abram*; bk. 1)
Lewis, Beverly. **Die verraad**.- CUM, 2006. (*Dogters van Abram*; bk. 2)
Lewis, Beverly. **'n Nuwe begin**.- Christelike Uitg., 2007. (*Dogters van Abram*; bk. 3)
Lewis, Beverly. **Die terugkeer**.- Christelike Uitg., 2007. (*Dogters van Abram*; bk. 4).

Young, William P. **Die shack**.- Emoyeni Pub., 2008.
Mackenzie Allen Philips se jongste dogter word ontvoer tydens 'n familievakansie. Bewyse word gevind in 'n verlate hut dat sy waarskynlik brutaal vermoor is. Vier jaar later ontvang Mack 'n verdagte nota, blykbaar vanaf God, waarop hy uitgenooi word vir 'n naweek na hierdie spesifieke hut. Teen sy beterwete besluit hy om te gaan. Wat hy daar ondervind verander sy lewe vir ewig. Hy verkeer in 'n soort geestelike terapiesessie met 'God', wat haarself 'Papa' noem; Jesus, wat as 'n Joodse werker verskyn; en Sarayu, 'n Asiatiese vrou wat die Heilige Gees verpersoonlik. Die roman worstel met die tydlose vraag, 'Waar is God in 'n wêreld wat gevul is met soveel onuitspreekbare pyn?'
Die boek is die Afrikaanse vertaling van **The shack**.


## Humor (politiek)

Ackermann, Marius. **Raadslid Hamersma se voorvinger wys wes**.- Protea, 2009.
Die winde van politieke verandering waai oor Hamerplein - daar waar die forse beeld van raadslid Hamersma nou al so lank die rigting aanwys. Vyftien jaar later moet die joernalis Wessel Wessels 'n storie aanmekaarsit uit die legkaartstukkies van hierdie revolusie

in die kleine, en leer hy vinnig dat dit nie noodwendig demokrasie is wat die dorpsinwoners tot vrees of stilswye gedwing het nie; dis eerder die pad soontoe en terug wat die probleem is. Ackermann vertel 'n boeiende, satiriese verhaal oor 'n plek wat Suid-Afrika kon wees (maar nie noodwendig is nie) en karakters wat jou bure kon wees. (Protea Boekwinkel, *Nuusbrief 176,* 14/10/09.)


## Kantoorwerkersklasroman

Fouché, Jaco. **Ed van Inligtingstelsels**.- Lapa, 2009.
'Die hoofkarakter, Ed, is geskei, het 'n geskiedenis van alkoholisme, werk as 'n rekenaarprogrammeerder by 'n versekeringsmaatskappy en lewe so half doelloos van dag tot vervelige dag. Sy vriendskappe is eensydig, sy verhoudings almal doodgebore, en sy droom om skrywer te word vinnig aan die vervaag. Die roman het nie veel van 'n storielyn nie. Daar is terugflitse na Ed se huwelik, sy dienspligjare en ander momente uit sy verlede, maar oor die algemeen volg die leser Ed werk toe, biblioteek toe, kroeg toe, of op wandelinge deur Bellville se strate. Niks gebeur nie; Ed is aan die stagneer. Hy probeer 'n verandering in sy lewe teweegbring met 'n onbesonne daad, maar ook dít lei tot 'n antiklimaks. Die roman eindig met Ed, sy lewe grootliks onveranderd, wat deur Bellville se strate loop. Die boek is geskryf in die onopgesmukte, realistiese styl van iemand soos die Amerikaanse skrywer Richard Ford.' (*Die Burger,* 21/09/09.)




## Kontemporêr

Kruger, Louis. **Wederkoms: die lewe en geskiedenis van Jannes Hoop**.- Human, 2009.
'n Swaargewonde Jannes word bewus van die teenwoordigheid van engele om hom. Hy onthou die nag van sy geboorte, die begin van sy lewensverhaal. Jannes Hoop word armoedig op die Eiland groot. Hy ervaar alles met verwondering: die natuur, die tye saam met sy geliefde Myrte langs die rivier, sy verhouding met sy seuntjie Bas en met God. Dit is asof hy in sy eenvoud veel meer as die gewone mens sien. 'n Yslike dam en besproeiingskema word beplan en daar loop gerugte rond dat die Eiland oorstroom gaan word wanneer die dam voltooi is. Die geheimsinnige Tempeliers spoor die Eilanders aan tot verset. Jannes, onskuldig en op soek na 'n eie waarheid, word in die maalkolk van geweld ingetrek.





## Kontreiromans

Kotze, Elizabeth. **Toring se baai**.- Kwela Boeke, 2009.
Toring lê langs die Weskus, 'n afgeleë gehuggie waar 'n handvol bewoners 'n bestaan probeer maak in 'n kreeffabriek. Dis midde-in die Tweede Wêreldoorlog en tye is swaar. 'n Verwoestende storm wat twee dae en nagte duur, vernietig die fabriek en jettie heeltemal en alles moet van nuuts af opgerig word. Min weet die drie steunpilare op die dorp, Smittie Steyn, Kerneels Koch en Ockert Blankenberg, dat die storm 'n nuwe era op Toring ingelei het, dat hul Toring nooit meer sal wees soos dit was nie.

Kotze, Willem D. **Agter die elande aan**.- Protea, 2009.
Die vyfde boek in Kotze se *T'sats*-reeks, waarin T'sats se seun Tko!lie moet bewys dat hy 'n man is voordat hy die mooi Ta!mi as vrou kan vat. Hy moet manalleen 'n eland soek, hom met sy gifpyl skiet en agter hom aan hardloop totdat die eland dood neerval. Dan eers kan Tko!lie die eland vir Ta!mi wys en 'n kerf op sy boogstok kry as bewys dat hy 'n jong jagter is wat 'n vrou kan vat. Maar die Kalahari word geteister deur 'n ongekende droogte. Die elande trek weg na groener dele en Tko!lie se groep moet uitmekaar gaan om te kan oorleef. So word Tko!lie en Ta!mi geskei, wat sy taak soveel moeiliker maak.

## Kortprosa

Aucamp, Hennie. **Die huis van die digter en ander liefdesverhale**.- Protea, 2009.
Botes, Annelie. **Duiwelsbrood en ander kort en lang stories**.- Lapa, 2010.
Combrink, Nic JJ. **Twakstories**.- NJJ Combrink, 2009.
Deacon, Thomas. **Deuskant die Groot Gariep**.- Lapa, 2009.
De Vries, Abraham H. **Verbeel jou dis somer: kortverhale**.- Human, 2009.
Du Plessis, PG. **Kortetjies en 'n lange: outobiografiese verdigsels soos bygelieg deur PG du Plessis**.- Tafelberg, 2009.
Fouché, Jaco. **Skrywersblok en ander verhale**.- Protea, 2009.
Le Roux, Ina. **Die reën kom nie maklik nie: stories van agter die Soutpansberg**.- Human, 2009.




Meyer, Deon. **Karoonag en ander verhale**.- Human, 2009.
Odendaal, Welma. **Landskap met diere**.- Human, 2009.
Sarie - **40 flitsverhale**. Saamgestel deur André le Roux.- Human, 2009.
Scheepers, Riana. **Katvoet**.- Human, 2009.
Schreuder, Danie. **'n Beter hemel**.- Tafelberg, 2009.
Snyman, Dana. **Op die toneel: stories, reise, stemme**.- Human, 2009.
Theron, Willem. **Willer Blouwillestories**.- Protea, 2009.
Van Staden, Ilse. **Tafel vir twee**.- Protea, 2009.
Venter, Paul C. **In die mond van die wolf**.- Lapa, 2010.

## Kunste (musiek)


Coetzer, Toast. **Naweek**.- Tafelberg, 2009.
Toast Coetzer se regte naam is Reino Coetzer. Hierdie is sy swaarmetaal-debuutroman, gedeeltelik voltooi as deel van sy meestersgraad in kreatiewe skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad. Die spilpunt van die storie is dat rockster Maanhaar Basson en sy kamerade iemand doodry onder die invloed van dwelms en drank. Die vraag is hoe jy hierop reageer as jy die matelose bewondering van duisende bewonderaars het. Die verhaal speel oor drie dae af, en snel onafwendbaar agteruit van die Sondag na die Vrydag. 'Dit is die eerste eietydse roman in Afrikaans

wat die leefwêreld en dilemmas van die sogenaamde MK-generasie tot op die been oopvlek.' (*Die Burger*, 15/08/09.)

## Oorlog

Roux-De Jager, Lien. **Emma se oorlog**.- Protea, 2009.
Dis 1899 en alles dui daarop dat oorlog tussen Boer en Brit onafwendbaar is. Emma moet kies tussen twee mans, die een 'n jeugvriend en die ander 'n joernalis wat vir die vyand werk. Die implikasie is dat sy vir of teen haar volk moet kies. Sy volg haar hart, maar besef gou dat mense nie altyd is wat hulle voorgee om te wees nie. Na 'n traumatiese paar jaar in die buiteland keer sy terug na haar oorloggeteisterde vaderland waar niks meer dieselfde is nie. Sy besluit dat sy alles in haar vermoë sal doen om haar versplinterde land en sy mense te help.
Lien Roux-De Jager het ook geskryf onder die name Helene Roux en Jolene de Koningh.


Venter, Paul C. **Die rebellie van Sloet Steenkamp**.- Lapa, 2009.
Met sy drie televisie-reekse *Arende I*, *II* en *III* het Venter een van Afrikaanse televisie se grootste suksesse ooit geskryf. **Die rebellie van Sloet Steenkamp** is die vierde (en laaste) Arende-avontuur, en die eerste een wat Venter spesiaal as boek geskryf het. 'Die verhaal begin waar die derde *Arende*-televisiereeks opgehou het - in Duitswes, waarheen Sloet en sy mense padgegee het omdat hulle nie na die Anglo-Boereoorlog onder die Engelse vlag wou leef nie. Nou breek die Eerste Wêreldoorlog uit en Sloet-hulle is weer in die middel van 'n groot gemors. Engeland vra die Unie om Duitswes binne te val, en in Duitswes besluit die Namas 'n bakleiery tussen die wittes is vir hulle 'n gaping om hul grond te probeer terugkry. Sloet en sy mense word gedwing om weer kant te kies.' (*Die Burger*, 17/10/09.) Dit is nie nodig dat mens die vorige *Arende*-televisiereekse gesien het om hierdie titel te geniet nie.




## Politiek

Breytenbach, Malene. **Gister is 'n ver land: 'n roman**.- Tafelberg, 2009.
'Hierdie is die eerste roman van die gesoute liefdesverhaalskrywer Malene Breytenbach. Dit handel hoofsaaklik oor 'n matriarg, Maureen, se wedervaringe in Afrika. Dit begin waar Maureen vir haar kleindogter in Suid-Afrika vertel hulle het 'n uitsettingsbevel gekry om hul plaas in Zimbabwe te verlaat. Een van die min besittings wat sy saamneem op haar uittog is 'n skooltas vol briewe, dagboeke en koerantknipsels wat die roete van haar lewe karteer. Met hierdie tassie in die hand neem sy die leser deur haar herinneringe.' (*Die Burger,* 3/08/09.)

Coetzee, JM. **In oneer**.- Umuzi, 2009.
Die Afrikaanse vertaling van Coetzee se **Disgrace** wat in 1999 met die Booker Prys bekroon is.
David Lurie, tweemaalgeskeide Engels-professor van Kaapstad, verlei 'n student. Die gevolg is dat hy sy werk en reputasie kwyt is en uitwyk na sy dogter se plaas in die Oos-Kaap, waar hy stadigaan deur die natuurlike ritme van die plaas tot 'n mate van lewensharmonie terugkeer. Daar is egter 'n plaasaanval waarin sy dogter verkrag en hy wreed aangerand word, wat hom hard konfronteer met die feit dat daar in hierdie land vir hom, 'n ouerwordende wit man, dalk tog nie plek is nie. Temas wat aangespreek word sluit, onder andere, in: seks, geslagskwessies, diereregte, politiek, ongenade/genade, Suid-Afrika se verlede en toekoms, generasiegaping, landelike /stadslewe en rassekwessies.




Haasbroek, Pieter Jakobus. **Die ander vennoot**.- Human, 2009.
Herklaas Pretorius werk in 'n vennootskap met John Heckrodt. Van hul begindae op Guntsas, John se beesplaas in die ou Suidwes, tot hul ametis-myn en later Goraseb Safaris. Die politieke omwenteling dwing hulle egter om na Suid-Afrika uit te wyk, onbewus daarvan dat hierdie land hom ook binnekort in 'n oorgangstyd sal bevind. John glo dat 'n moeilike tyd soos dié juis geleenthede vir entrepreneurskap bied en die vennote raak betrokke by die nuwe sakespel: swart ekonomiese bemagtiging. Hierdie boeiende, interessante roman speel hoofsaaklik af teen die agtergrond van die ekonomiese omwentelinge ná 1994.

'Die roman bied 'n insiggewende siening van politieke betrokkenheid in die sakewêreld, die onmag waarteen eerlike sakemanne te staan kom wanneer hulle gewoon hul werk doen, en die belaglike omvang van swart bemagtiging binne die omvang van werk wat wel gedoen word en transaksies wat beklink word binne die BEE-voorskrifte. Geskryf met insig in die politieke en teenswoordige ekonomiese klimaat in Suider-Afrika.' (*Tydskrif vir Letterkunde*, 847(1), 2010.)

Kirsten, Jaco. **Om na 'n wit plafon te staar: 'n (reguit) roman**.- Tafelberg, 2009.
Lourens Erasmus se lewe het 'n spreekwoordelike doodloopstraat bereik. Hy is 'n gefrustreerde motorjoernalis in sy laat dertigs wat onlangs geskei is en boonop heeltemal te veel drink. Sy lewe neem egter 'n interessante draai wanneer 'n boekeredakteur hom verkeerdelik aansien vir 'n kollega van hom, ene Laurens Erasmus, wat 'n skrywer van formaat is. Teen alle verwagtinge vind die harddrinkende, politiese inkorrekte Lourens dat hy eintlik iets het om te sê en hy begin met alle erns 'n boek skryf. Die boekeredakteur, Lara Krog, dink Lourens is die nuwe Afrikaanse stem wat haar bedreigde loopbaan en reputasie weer nuwe stukrag kan gee. Sy besef egter te laat dat sy die verkeerde skrywer beet het en besluit om maar te volhard met Lourens in die hoop dat hy moontlik met iets waardig vorendag sal kom. Hy oorskry al haar verwagtinge en verskaf aan haar 'n roman oor 'n Stellenbosse mediese professor wat toevallig 'n middel ontdek wat mense in staat stel om swart te word. Soos verwag, verwek die boek groot opspraak en konsternasie onder sy kollegas, die kritici en die samelewing.

Benewens bogenoemde titels is ander ligte ontspanningsfiksietitels ook gedurende 2009-2010 deur die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens aangekoop, soos:

- Mills & Boon in Afrikaans (Jacklin Uitgewers);
- Lapa Uitgewers se Romanza-titels en omnibusse;
- NB Uitgewers se *Melodie-*, *Satyn-*, *Hartklop-*, *Mirre-* en *Jasmyn*-reekse, asook omnibusse wat deur hulle uitgegee is; en
- Hartbees Uitgewers se liefdes-, misdaad- en spanningsverhale.

*Die tweede aflewering in hierdie genre verskyn in die Julie/Augustus 2010* **Kaapse Bibliotekaris**.